REDAKSIES

ADMINISTRASIE

Taalversorger:
Mirjam de Vries
Voorblad:
Alex van Houwelingen
Uitleg:
Marlene de Vente

Ons hoop om **Die Olielamp**
10 keer per jaar uit te gee.

Indien u Die Olielamp per e-pos wil ontvang, kan u inteken op die Internet by
http://www.vgk.org.za/olielamp/subscribe.php

Hierdie uitgawe is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Redaksioneel

Hi Almal,

Misdaad in ons land het seker al elkeen van ons direk of indirek geraak. Mense raak moedeloos en sê dinge soos:
"As jy by huil verby is, dan lag jy maar." Ander vat dit 'n stappie verder: "Maar waar is God?". Ons weet nie meer wat om te doen nie.

Wat kan ons doen?

Mense soek na 'n leier en dis juis hoekom 'n liedjie soos Bok van Blerk se "De La Rey" so gewild is. Ons soek iemand om ons uit hierdie gemors in ons land te lei. Maar ons moet besef dat dit nie 'n menslike leier is wat ons uit hierdie misdaad-situasie kan help nie. Die Here is nog altyd daar. Hy is ook teenwoordig terwyl al die misdaad gebeur. In plaas van om te probeer weghardloop uit ons land, moet ons dankbaar wees dat die Here ons in hierdie land geplaas het. In 'n land waar alles maklik gaan, is dit net so maklik om te vergeet dat ons van God se genade afhanklik is. Daar is net een persoon wat die plek van die leier wat ons so nodig het kan inneem, en na wie mense se harte so smag: die Here. Ons moet vir ons land bid.

Die liedjie hieronder is geskryf deur Fini de Gersigny. Die woord Jabulani beteken 'rejoice' en 'wees bly'. Ek dink dit is van toepassing op ons. Dit is naamlik nie net ons land wat fisies na water smag nie. Ons smag na die Here, wat soos 'n rivier van lewe in ons land is.

Jabulani Africa
Jesus, life and hope to heal our land
Saviour, reaching out with your mighty hand

Sing for joy O Africa
The Lord your God is risen upon you
Sing for joy O Africa
The Lord your God is risen upon you now

Jabulani, Jabulani Africa
Jabulani, Jabulani Africa

Jesus, river of life in our thirsty land
Saviour, meeting our needs with your mighty hand

Groete, Liza

IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel 2
Uit die Woord 3
Esegiel 16:
Die verhouding tussen God en ons
- God se huwelik met sy volk 3
Matthéüs 5:11,12 5
Oppad 6
"Gelowige groei
in 'n ongelowige omgewing?!" 6
Wag! 7
Voel jy ook so? 8
Bou ons of breek ons af? 8
Voel jy ook so?? 9
Voetspore 10
JV Sola Fide 11

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

DV 11 Maart 2007

Uit die Woord

Esegiel 16: Die verhouding tussen God en ons - God se huwelik met sy volk

Arjan van Houwelingen

As ek sou moes kies wie die interessantste profeet in die Ou Testament is, sal dit definitief Esegiël wees. Die mense sou in daardie tyd verseker gesê het dat hy 'n *weirdo* is! Blaai maar 'n bietjie die bybelboek deur: Dit begin met 'n indrukwekkende visioen, waartydens hy 'n boekrol moet eet (hoofstuk 1 en 2). Kort daarna moet hy vir langer as 'n jaar op sy linkersy lê, 'n skets teken van die beleg van Jerusalem om te wys hoe hulle gaan val, brood bak op mensedrek om te wys hoe onheilig die volk is en dan moet hy ook nog 'n keer sy hare afskeer en verbrand om die strawwe van God aan te kondig. Hy sou verseker heelwat aandag getrek het! En die verhale wat hy vertel het was al net so indrukwekkend. Lees bietjie Esegiël 37 oor die visioen van mensbeendere wat tot lewe kom. So 'n visioen sal vir die res van jou lewe in jou gedagtes bly! Ek het besluit om oor Esegiël 16 te skryf, omdat dit eerstens so 'n boeiende verhaal is en dit tweedens iets vertel van die verhouding tussen God en sy kinders, wat ten slotte die tema van 'n reeks *Uit die Woord*-stukkies in die vorige paar uitgawes van *Die Olielamp* is.

Ons teks is 'n verhaal waar die volk van God beskryf word as God se eggenote. So 'n tema kan mens laat dink dat dit 'n mooi rustige verhaal is wat oor die liefde tussen God en sy volk handel. Maar as jy die hoofstuk lees, sal jy vinnig ander gedagtes kry: Hoerery en straf word omtrent in elke vers genoem! Tog gaan die stuk nogsteeds oor die liefde van God, as mens alles mooi lees.

Stilstaan

Prayer

O Lord, forgive me for the times I put faith in my abilities rather than in You!

I remember how I've panicked and tried to figure out solutions to my problems with what I thought was "clever" and "talented" instead of running to You, casting my cares upon You, and patiently waiting for You to act on my behalf.

Help me trust You more!

In Jesus' name I pray, Amen.

Die weldade van die HERE (vers 1-14)
Die eerste veertien verse beskryf die beeld van 'n hulpelose babatjie wat na geboorte alleen gelos is, om op die oop veld dood te gaan, terwyl niemand daaroor omgee nie. Hierdie babatjie is die volk Israel, wat baie duidelik 'n verskriklike swak begin gehad het: Abraham was lank kinderloos, Jakob het baie foute in sy lewe begaan en Israel was vir lank maar net 'n ou slawevolkie. Tog het die HERE besluit om hierdie klein babatjie te laat lewe, groot te maak en selfs met haar te trou (vers 8). En so goed het die HERE vir haar gesorg, dat sy buitengewoon mooi geraak het, en dat die ander nasies jaloers geraak het oor hoe goed dit met Israel gaan. 'n Pragtige verhaal wat wys hoe veilig God se volk by Hom kan voel.

Die ontrou van die volk (vers 15-34)
Waar die toehoorders van Esegiël nou net nog met 'n vredige glimlag kon luister na die verhaal wat hy vertel, verander dit baie skielik. Dit word 'n verskriklike verhaal van hoe swak Israel haar gedra het teenoor haar Man. Israel word vergelyk met 'n vrou wat verskriklik en herhaaldelik owerspel pleeg. Esegiël is nie bang om harde en duidelike taal te gebruik om te beskryf presies hoe ontrou God se volk was nie! Hy sê selfs dat Israel erger is as 'n hoer, omdat hulle hulle reinheid steeds weggegee het sonder om betaling daarvoor te vra. Sommer net omdat hulle sleg is! Allerhande voorbeelde uit die geskiedenis word genoem. Dit moet vir Israel duidelik gemaak word dat enige ontrou aan God en saamdoen met die wêreld, hoerery is, omdat God 'n wettige trouverbond met sy volk gesluit het.

Die straf van God (vers 35-59)
Die wette wat God aan Moses gegee het, beveel dat owerspel met die dood gestraf word (Lev 20:10). Esegiël het nou-net gewys dat Israel haarself aan verskriklike owerspel skuldig gemaak het en die natuurlike straf wat daaruit volg is die doodstraf. Israel kan maar die ergste verwag. Die doodstraf is hier die enigste regverdige straf, en Israel moet dit dra (vers 58-59). Dit lyk asof dit verby is met Israel. Hulle het hulleself te veel misdra, die liefde van God is in sy gesig teruggegooi en nou verdien hulle nie meer om te lewe nie. Einde van die verhaal, sou mens sê.

God se genade! (vers 60-63)
Tot nou toe het Esegiël se verhaal alles logies sin gemaak - God wat sy volk groot maak en 'n verbond met haar sluit, die volk wat haar ontrou bewys en dan die straf wat daarop volg. Nie 'n opwekkende verhaal nie, maar wel verstaanbaar. En dan sê God: *"Ek sal nog steeds aan my verbond met jou dink (trou bly aan jou) en selfs vir ewig 'n verbond met jou oprig (vir ewig met jou trou)"*. Sjoe! Dis nou genade! Eintlik moet sy volk die doodstraf kry, en nou mag hulle vir ewig sy "vrou" wees. Dit was nie te verwagte nie. Vers 63 vertel hoe Hy dit doen: Hy sal versoening vir sy volk bewerk. Ons weet nou hoe Hy dit gedoen het: deur sy Enigste Seun vir ons te laat sterwe. En dit net omdat Hy, sonder dat daar enige menslik logiese rede is, ons liefhet!
Alhoewel dit elke nou en dan 'n harde verhaal, met uitdrukkings wat jou gereëld ongemaklik laat voel is, is Esegiël 17 veral 'n verhaal oor God se liefde. Maar daar bly 'n waarskuwing by. Ons is, soos 'n vrou teenoor haar man, verplig om trou te wees aan God en Hom eerste te sit in ons lewe. Enigiets waar ons die wêreld bo God verkies is hoerery. God het in die tyd van Esegiël gewys dat Hy vanweë sy liefdesdade die reg het dat ons Hom trou sal dien, en hoe erg dit is om nie die liefde te beantwoord nie. Ondertussen het Hy nog veel meer liefdesdade betoon!

Matthéüs 5:11,12

Rigardt Hoving

Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil. Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het.

Matteus 5 vers 11-12: “Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg.”

Daar is reeds baie deur geleerdes gedebatteer oor presies hoe ons die saligsprekinge moet verstaan. Is dit die gedragskode vir alle gelowiges? Of stel dit net die kontras tussen die ewige-koninkrykswaardes en wêreldse waardes? Hoe ons dit egter ook al vertolk, dit bly ‘n goeie riglyn van wat Jesus van sy volgelinge verlang en ons moet dit so goed as moontlik nakom.

Elkeen van die saligsprekinge sê vir ons hoe ons salig (werklik gelukkig) kan wees. Dit verwys nie na aardse voorspoed, plesier of vrolikheid nie. Nee, Jesus gooi die wêreld se siening van geluk heeltemal omver. Vir Hom het ware geluk, hoop en vreugde niks met ons uiterlike omstandighede te doen nie. As jy hoop en vreugde wil vind, as jy die diepste geluk wat daar is wil ervaar, kom dan nader aan God, dien Hom en wees aan Hom gehoorsaam.

Jesus begin die bergrede met woorde wat oënskynlik teenstrydig is. Die leefwyse waartoe God ons roep, is egter gewoonlik heeltemal teenstrydig met dié van die wêreld. As jy vir God wil leef, moet jy bereid wees om dinge te doen en te sê wat vir die wêreld vreemd sal wees. Jy moet gewillig wees om te gee as ander neem, om lief te hê as ander haat, om te help as ander misbruik. As jy dit doen, sal jy eendag alles as beloning ontvang.

Jesus het gesê dat ons salig is as ons bereid is om ter wille van Hom vervolg te word. Hierdie vervolging is goed, want (1) dit wys dat jy jou oog nie op wêreldse belonings het nie, (2) dit skei die ware van die skyngelowiges, (3) dit versterk die geloof van diegene wat volhard, en (4) dit dien as voorbeeld en bemoediging vir ander. Dit is ‘n troos om te weet dat God se grootste profete in die verlede ook vervolg is, soos bv Elia, Jeremia en Daniël. Bewys jou getrouheid aan God deur bereid te wees om ter wille van Hom vervolg te word. God sal alle getroue gelowiges beloon en laat hulle nou reeds iets van sy ewige koninkryk ervaar. Verder gee Hy ook die wete dat die vervolgings sal verby gaan, maar die koninkryk nooit nie.

So... Hoe kyk ons as gelowiges na ons lyding op aarde? Kyk ons anders daarna as ongelowiges? Ons lyding is mos nie vir altyd nie? Nee, ons lyding is net tydelik. Daarom kan ons ons lyding met geduld hanteer, met die wete dat ons die ewige lewe kan verwag.

He's never early. The good news?
Neither is He late. Ever!

Oppad

"Gelowige groei in 'n ongelowige omgewing?!"

Mirjam de Vries

Soos die meeste van julle sekerlik weet, was ek die afgelope twee jaar in Duitsland. Nadat ek my studie in Duits en Engels hier by Tukkies voltooi het, is ek na Stuttgart met die hoop om Duits vloeiend te leer praat. Ek het as Au-Pair by 'n gesin gewerk en het gelyktydig ook meer betrokke geraak by die kinders se skool, het vir 'n groep dames Engels les gegee en het verder gegaan met my Duitse studies. Opgesom, het ek twee leerryke jare in Duitsland gespandeer. Maar het dit alles gegaan ten koste van my geloof?!

Voor my vertrek na Stuttgart, Duitsland, is ek baie duidelik gewaarsku oor die moontlike gevare waarmee ek in aanraking sou kon kom. En tereg. Die afgelope twee jaar was definitief nie die maklikste tyd van my lewe nie. Eerlik gesê – dit was moeiliker as wat ek ooit sou kon droom!

Kom ek probeer kortliks vir julle die situasie skets waarin ek my die afgelope twee jaar bevind het...

Hoewel ek na 'n kerklik-onaktiewe gesin is, het ek wel van die begin af die nodige ondersteuning gekry om 'n kerk te vind waar ek sou tuis voel – min wetende dat dit 'n onmoontlike taak sou wees. Die suide van Duitsland het basies net twee kerkgenootskappe: Evangelies en Rooms Katoliek. Sodoende is ek dus na die Evangeliese kerk, maar hier het die soektog na 'n gepaste gemeente eers begin. Die Duitsers is in die algemeen 'n baie koue, onvriendelike en afstandelike nasie en gevolglik is ek in nie een gemeente ooit werklik vriendelik verwelkom nie. In my twee jaar daar is ek slegs een keer deur iemand aangespreek! Vriendelikheid van my kant af was ook nie juis effektief nie, aangesien ek in die algemeen net vreemd en ongeïnteresseerd aangekyk is!

Ongelukkig was die onvriendelikheid van die mense slegs die begin van my moeites binne die kerke. Ek het die eerste gemeente na drie maande verlaat, nadat daar 'n week voor 'n groep jeuglede se belydenis, slegs vuil grappe, onnodige staaltjies vertel en onvanpaste toneelstukke tydens die erediens opgevoer is! Die tweede gemeente het ek net eenmalig besoek, aangesien die vroulike predikant slegs 'n verhaaltjie vertel het, sonder om ooit die Bybel oop te maak. 'n Derde, moontlike, gemeente het ek nooit besoek nie, aangesien hulle al op hulle webtuiste laat blyk het dat hulle die Ou Testament volledig verwerp!

Uiteindelik het ek wel 'n gemeente gevind waar ek redelik "gemaklik" gevoel het, maar selfs daar kon ek nie tot die einde van my verblyf in Duitsland bly nie. Om 'n paar probleme in die kerk kortliks op te som:

- Die wet is nooit gelees nie, aangesien hulle dit nie nodig ag nie;
- Die Geloofsbelydenis is ook selde voorgelees;
- Die preke was gewoonlik slegs op 'n tema gebaseer en nie op 'n teks uit die Bybel nie;
- Almal mog aan die Nagmaal deelneem: jonk en oud, lidmaat en buitestaander;
- Later het ek ook besef dat niemand meer in die Skepping glo nie en dat hulle basies die Ou Testament volledig verwerp.

In nie een van die gemeentes wat ek besoek het, was daar ooit jeuglede van my ouderdom aanwesig nie. In my volledige verblyf in Duitsland, het ek nie een gelowige jong mens ontmoet nie!!! Ek was absoluut alleen in 'n wêreld waar "Die Ek" sentraal staan en daar net op rykdom en weelde gefokus word!

Die vraag wat julle almal nou moontlik wil vra, is of dit dan wel verstandig was om na Duitsland te gaan? En veral dan nog vir 'n tweede jaar?! Baie van julle sal dadelik wil antwoord dat dit

onverstandig en miskien selfs onaanvaarbaar was. En miskien is julle nie heeltemal verkeerd nie. Dis definitief nie iets wat almal moet doen nie! Nogtans is ek nie in die minste spyt oor my besluit om soontoe te gaan nie. Ek verlang baie terug, na al my vriende en die wonderlike gesin wat ek agtergelaat het. Verder het ek bereik waarvoor ek in die eerste plek gegaan het – ek het Duits vloeiend leer praat. Maar het ek dit alles gedoen ten koste van my geloof?!

Hoewel ek kerklik nie opgebou is nie, het my geloof wel deur die ervaring gegroei en verdiep, veral toe die pa van my au-pair-gesin met ongeneeslike kanker gediagnoseer is en binne enkele weke dodelik siek geword het. Die gesin self het ongelukkig tydens hierdie beproewing alle moontlike geloof verwerp, maar persoonlik het hierdie omstandighede my geloof versterk en so mog ek ook in geloof die steunpilaar van die gesin wees.

Deur dit alles mog ek net weer besef hoe bevoorreg ons almal eintlik is. Ons lewe in 'n land waar ons saam met mense van ons eie leeftyd kan glo, twee keer per Sondag kerk toe kan gaan en oor die HERE kan praat. Ons ontvang en gee ondersteuning aan mekaar in tye van beproewing. Ons staan nooit alleen nie!

Tog kan ek met dankbaarheid terugkyk na die afgelope twee jaar. Hoewel ek menslik miskien baie alleen en eensaam was, was ek geestelik nooit alleen nie. God was altyd by my en het my deur sy genade en liefde gelei en versterk. Alleen so was dit moontlik om in so 'n ongelowige omgewing in geloof te groei!!

Wag!

Vroeër

Wanneer 'n Joodse jongman 'n ogie op 'n blink-oog Joodse meisie gehad het, het hy saam met sy pa by haar pa 'n besoek gaan aflê. Op dié samekoms moes die jongman bewys lewer van 'n betaling vir die bruid. 'n Koei of twee, 'n som geld, of 'n aantal jare se arbeid. As die pa van die bruid tevrede was met die betaling, is ooreengekom dat die jongman sy waardevolle dogter mag kry ***wanneer*** hy vir haar 'n huis voorberei het.

So is die jongman dan weg met 'n hamer en genoeg hout. As hy ryk genoeg was, het hy 'n aparte huis gebou, andersinds het hy 'n spesiale gedeelte aan sy pa se huis aangebou – vir homself en sy nuwe bruid.

Terwyl die jongman doenig was met die bou van die huis, het die jongmeisie ook 'n spesiale opdrag gehad. O nee, nie net om aan te gaan met haar daaglikse take en heeltyd aan haar bruidegom te dink nie! Nee, sy moes ***wag***! Sy moes die mooiste rok soek of maak, en dit dan altyd saam met haar dra. Sy moes altyd skoon en met geurige olies deurtrek wees. En sy het aan al haar vriendinne van hierdie bruidegom vertel!

Dwarsdeur die nag moes 'n lampie brand – 'n teken dat sy getrou vir haar bruidegom wag. Die lampie mag nie uitgegaan het nie, want dít was 'n teken dat sy gereed was!

Haar bruidegom het haar kom haal sodra hy die huis klaar gebou het. Sonder uitstel. Al was dit 3 uur in die nag! Saam met sy vriende hy dan na haar huis opgetrek. En dan eers kyk of die lampie brand... Dan het hy haar wakker gemaak en haar deur die strate gedra, met groot gejuig! Sy was gereed, en hy kon vir haar sorg. Dit was wel 'n 7-dae-fees werd!

Hoe romanties! Ja, maar meer nog - daar is 'n groter prentjie!

Eendag

Jesus kom aarde toe, net soos die jongman die eerste keer na die jongmeisie se huis gegaan het. En dan betaal Jesus 'n prys vir Sy bruid - met Sy eie bloed aan die kruis. Dan gaan Jesus hemel toe om vir ons, Sy bruid, 'n plek te berei, net soos die jongman 'n huis gaan bou het vir sy bruid. En eendag, wanneer ons dit nie verwag nie, kom Jesus terug in al Sy glorie. Om Sy bruid te kom haal, waarop die bruilofsmaal van die Lam sal volg – die Fees van alle feeste!

Intussen moet ons, Sy bruid, altyd gereed wees. Met die mooiste rok. Altyd skoon en met geurige olies deurtrek. En gedurig aan ander mense vertel van hierdie Bruidegom! Met 'n lampie wat altyd brand. Getrou. Gereed.

Bron: And the Bride Wore White – D. Gresh

Voel jy ook so?

Bou ons of breek ons af?

Elise Geerts

Hoe praat ons van mekaar onder mekaar? Gesels, bespreek of net lekker skinder? In watter kategorie pas jy wanneer jy sosiaal met iemand verkeer? Met watter houding praat ons met ander van ander?

Toe ek hoor dat ek iets oor *skinder* moes skryf, kon ek nie help om dadelik vooroordele van persone te vorm nie. Ja-nee, ons kan dadelik dink dat die onderwerp vir iemand anders bedoel is en hoop dat hy/sy die artikel lees en bietjie daaroor nadink. Moet egter nie die artikel verder lees met iemand anders in gedagte nie, maar lees dit met jou eie gesprekke van die afgelope tyd voor oë.

Doen 'n bietjie introspeksie en luister 'n slaggie na jou eie woorde tydens 'n gesprek.
"Het jy gehoor dat sy...", "Laat ek jou dit vertel...", "Ek hoor dat hy...", "Dat mens so dom kan wees...", "Net so onder ons..." en so is daar nog baie frases wat almal waarskynlik al gehoor het. Ek is ook seker dat almal van ons een of ander tyd al so gepraat het.

Is hierdie frases opbouend? Niemand sal stry dat dit lekker is om so van ander te praat nie. 'n Bietjie onder mekaar ander mense bespreek is interessant, of hoe? My ervaring is dat die meisies graag ander se liefdeslewens bespreek. Net so graag wil ons uitwei oor foute wat gemaak is deur wie dan ook al.

Skinder beteken volgens die HAT om kwaad van iemand te spreek of opsetlik slegte dinge van iemand te vertel. Dit pas nogal by wat hierbo geskryf staan. Ons is gou geneig om onsself met allerlei verskonings te verdedig. Wees volgende keer 'n toehoorder van jouself tydens 'n gespreksituasie en luister na wat regtig gesê word. Is jou gesprekke opbouend? Nou sê ek nie dat ons altyd oor sinvolle onderwerpe moet praat nie. Dit is lekker en soms skreeusnaaks om 'n slag nonsens te gesels en jou verbeelding vrye teuels te gee oor al die dinge wat julle in die goeie ou dae beleef en gedoen het.

Behalwe om nonsens te gesels, hoe praat ons van ander mense? Skinder ons van 'n persoon of sê ons mooi dinge van hom/haar? As jy om die een of ander rede 'n probleem met iemand het, gaan praat self met die persoon. Of as jy noodwendig met iemand oor daardie persoon wil praat, is daar 'n verskil in hoe jy dit doen: die persoon nog meer swartsmeer of die probleem aanspreek. Bespreek die onderwerp, die probleem, en nie die voorwerp, die persoon, nie.

Om as jeug mekaar in die geloof op te bou, stop nie as jeugvereninging klaar is nie, maar gaan verder. Op jeugvereniging leer ons mekaar op 'n geestelik vlak ken. Deur verder sosiaal te verkeer, of in enige ander gesprek, kan ons mekaar ook opbou tot lewende stene, soos Petrus daarvan praat in 1 Petrus 2: 5. Om mekaar op te bou is om reguit met mekaar te praat. Dit is nie om agter iemand se rug dinge wat ons dikwels maar weer van ander gehoor het, kwyt te raak nie. As jy 'n probleem met iemand het, gaan praat met hom/haar daaroor. So help en bou jy die persoon.

Het jy 'n probleem met iemand en wil jy dit dalk met 'n ander persoon bespreek, doen dit, maar met 'n houding van diensbaarheid. Moet dan nie alles wat jy weet met almal bespreek nie, want jy bou niemand op deur dit vir almal te vertel nie. Sal jy daarvan hou as ander jou bespreek en dinge wat jy nie wil hê almal noodwendig moet weet nie, almal tog weet? Die gevolg kan ook wees dat ander vooroordele vorm.

Kom ons hou op om ander te bespreek en praat oor onsself... 'n moeilike gedagte. Ons hou nie daarvan om onsself bloot te gee nie, maar wel om ander se sake uit te pluis en te bespreek! Dit is sinneloos, nie opbouend nie en definitief nie soos God wil hê ons met mekaar moet omgaan nie. Help mekaar eerder as om agteraf te praat.

Hoe kan jy weet dat jy besig is om te skinder? Jy kan maklik verskonings uitdink, hoewel dit doodeenvoudig is. Dit wat jy nie vir iemand self durf sê of met hom/haar wil bespreek nie, maar egter wel agter sy/haar rug met almal wil deel, is skinder. Vra die vraag: Is dit opbouend en help ek my naaste deur dit te vertel? Dit is nie maklik om iets wat jy van iemand anders weet, nie rond te vertel nie. As jy dit wel doen, het jy dan jou naaste so lief soos jouself?

Laastens, maar nie die minste nie: Bid. Bid vir jouself, dat jy ander nie afbreek in plaas van opbou nie en bid ook vir jou vriende, dat hulle dit nie sal doen nie. "*Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag*" (Jak 5:16). Praat eerder met God oor die persoon as om dit met almal te bespreek.

Wie die skoen pas, trek dit aan (alle nommers is beskikbaar!). Dié wat hul mening oor die saak of oor enigiets anders wil lug, kan dit in die rubriek *Voel jy ook so* doen. Dit is die rubriek waar jy die geleentheid het om jou menings oor te dra, vrae te stel en opmerkings te maak.

Voel jy ook so??

Jip, ons sit nou weer in die kerk…

Hoekom kom ons nog kerk toe? Is dit vir ons lekker? Of gaan ons maar net omdat pa en ma ook elke Sondag kerk toe gaa? Gaan ons omdat God dit van ons vra? Of gaan dit dalk oor die social na kerk? WAT is ons motivering om elke week 2 keer kerk toe te kom???

"*Julle is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word?*" (Matt 5:13)
Dit laat my soms wonder: Is ons nog anders as die wêreld? Of miskien moet ek meer *pinpoint*…: In WAT is ons nog anders as die wêreld?

Ons gaan elke week twee keer kerk toe, ons gaan elke Dinsdagaand vereeniging toe, sommige van ons gaan nog elke Woensdag Katkisasie toe en, o ja – ons bid vir ons kos, en as ons nie te moeg is in die aand nie, lees ons nog 'n stukkie Bybel en bid miskien…Maar vir die res?
Ons gaan fliek (daarmee maak ons onsself skuldig aan die verkeerde dinge wat daarin gedoen word), ons vloek dikwels (of praat grof – noem dit wat jy wil), ons geniet ons drankie (soms maak dit ons bietjie *ekstra* vrolik…), noem maar op… Die lys is langer as wat mens dink!

Ek veralgemeniseer nou… ek maak myself net so skuldig hieraan. Tog is ek daarvan oortuig dat baie mense hierdie mening deel… Wat maak ons daarmee?

Ons gaan elke week kerk toe, maar dink ons nog by wat ons doen?

Dis so boring in die kerk… Hoekom kan ons nie gesange sing nie? Hoekom kan ons nie 'n kitaar inbring nie, miskien selfs 'n klavier en sommer 'n trompet en 'n drom ook daarby…dit kan mos werk? Dan sing ons tenminste lekkerder! Dan is die diens sommer heelwat lewendiger, nie so "dull" nie… En 'n bietjie minder reëls kan ook nie skade doen nie…

As ons sulke dinge begin kwytraak, moet ons miskien weer voor begin: Wat is die doel van die kerkdiens? Hoekom kan ons nie 'n paar keer per maand na 'n ander kerk toe gaan nie? 'n Kerk waar ek 'n bietjie meer tuis voel – 'n lekker atmosfeer! En die mense… hulle is so begeesterd!

God roep ons na die Ware Kerk – ons glo tog dat ons die ware kerk is, nie waar nie? Waarom dan gaan *rondshop* by ander kerke? Ons verantwoordelikheid lê in ons gemeente… Ons het onlangs gehoor dat die kerk die Liggaam van Christus is - hoe kan ons as die Liggaam funksioneer, as alle ledemate in verskillende rigtings trek? Fisies gesien, sal die liggaam dan uitmekaar skeur…

Ons moenie buite die kerk vir groener weivelde gaan soek nie. Ons moet eerder vir reën en seën begin bid, en BINNE die gemeente aan die werk spring, sodat ons eie weivelde groener kan word…

Dis nie al waaroor ek wonder nie… Ons is ook dikwels geneig om basies twee lewens te lei – een vir Sondag, die ander vir deur die week. Kan die mense om ons nog aan ons agterkom dat ons ANDERS is?

We need some change here… don't we??

Ons kan dit egter nie alleen doen nie. Ons het God se krag en Gees nodig om daaraan te werk – ons moet God daarvoor vra. Ons het daarby ook mekaar gekry. Ons kan moeilik alleen teen die stroom inswem - ons moet mekaar help…

Nou is die vraag: Moet ons verander? Hoe kan ons verander? Wat kan ons doen om mekaar te stimuleer in die geloof en in ons daaglikse Christen-wees?

Hierdie is een soutkorrel se mening, maar dis **onmoontlik** dat een soutkorrel 'n verskil gaan maak op 'n groot bord kos… kom ons gooi ons menings bymekaar, en besluit hoe ons 'n verskil kan maak – kom ons wees die sout van die aarde! (Dit is naamlik wat God van ons vra!) Ons moet anders wees; ons het 'n ander *mission* in hierdie lewe as wat ongelowiges het.

Kan ons iets hieraan verander??

Hierdie artikel is spesifiek geplaas onder "Voel jy ook so".
As jy jou mening wil deel, of miskien met 'n voorstel wil kom – jy's meer as welkom! Miskien stem jy nie saam nie - deel jou mening met ons!

Enigiemand wat hierop wil reageer, stuur jou reaksie per e-pos na mariette@magalies.net
Afsnydatum is: 4 Maart 2007

Voetspore

Môre juffrou môre maats!

Mens kan eintlik amper op so ‘n graad-eenmalige wyse die jeug groet, gesien die groot hoeveelheid juffrouens of voornemende juffrouens wat rondsluip in ons midde. Een van hierdie gedrogte, dit is nou Sensei Marie-Louise was so slim (u kinders is in goeie hande) om weer te werk met ‘n koffiedrinkrooster, waar sy besluit het wie hou wanneer koffiedrink en punt uit. Live with it. Miti is baas. Dit kom eintlik goed uit, want daar moes besluit word tussen Willem de Jager of Miti as baas. Nou moet u weet dat die jeug oor die algemeen terughoudend is om koffiedrink te hou, en daarom het ons ‘n koffiedrinkbaas nodig wat intimiderend en sterk van gestalte is. Karateka Miti obviously. Willem is maar ‘n weense worsie in vergelyking met Miti. Sy het trouens haar eerste koffiedrink-naam sover gekry om selfs op die betrokke dag southappies by die Potpourrifonds te bestel, nadat sy hom ‘n ippon getune het, bru.

Die swaeltjies sit weer op ons telefoonpale. Dit is nou ‘n goedkoop metafoor vir die volgende sin: die Nederlanders sit weer op ons kerkbanke. Hmmm. Interessant.

Het julle trouens gehoor van die nuwe begroting? Daarin het Trev....O, sorry, my goedkoop metafoor was wél so effektief dat julle nie eers wou hoor oor die begroting nie en steeds wou uitvind watter Nederlanders hierdie keer gekom het. Sal dit dan uit-ein-de-lik (asseblief asseblief) Dennis Bergkamp wees? Of dan tenminste Rafael van der Vaart (en hier kom weer intimidasie van die koffiedrinkbaas na vore)? Okay fine, selfs Raymond van Barneveld is okay! Nee hoor, ons kry Steven van Diermen. En Wilfred Knol. Nobodies. Geen faam nie. Slegs Euro’s. Steven kom uit Amersfoort en Wilfred uit Zwolle en hulle kom – soos Willem dit noem – stasieloop. Nou, indien dit waar is, dan sien ek dit as my plig om net ‘n word of warning in te sit: die treine hier is swak. Die mense gebruik dit as ‘n toilet. En die toilet word gebruik as trein. So los eerder hierdie geloop na stasies, julle. Wat? Huh? Oooooo, stage-lopen! Daar is ook pretty much niemand wat weet wat dít beteken nie, maar dit kom wel goed. Solank ons lol het. En dit het mens wel met Steven en Wilfred, al sou mens tog graag wil sien dat Wilfred ‘n bietjie minder praat, want je kan er geen speld tussenkrijgen.

Die jeug kry, op ‘n meer ernstige noot, ook weer rigting en bespreek daarom heel gepas by JV Rigters. Die besprekings is goed. En Sietze Snijder is in da house. Toeval? I think not.

By een van die mees resente JV’s het afgevaardigdes van Boudjies se vriende dit goed gedink om vir laasgenoemde se verjaarsdag, dit was naamlik die betrokke dag, uit te haal en te wys. Boudjies, wat 21 geword het, het met trane in sy oë die blikkie coke in ontvangs geneem. Toeskouers kon slegs hoor hoe prewel hy nog “1.25” (d.i. wanponttoefaaf).

En nou vir ‘n nuwe episode van Groentjies tussen Bloubaarde (III of IV, kan nie onthou nie).

Renier van den Berg hou van fietsry. Of miskien hou hy nie daarvan nie, maar hy ry wel baie fiets. Omdat hy ook van slaap hou, moet hy soms baie vinnig fietsry om nie te laat by die bestemming te kom nie. Hy is onder andere Marjolein se neef, iets wat baie druk op die jong knaap sit. Tog manage hy.

Elinda Bosker is die dogter van die beroemde keeper en skeidsregter Ome T. Maar anders as haar pa, is Elinda nie keeper en skeidsregter nie. Sy is wel dikwels by die sokker, maar dan deel sy nie skoppe of geel kaarte uit (soos haar pa) nie, maar worsbroodjies. Dit wil voorkom asof Elinda by die opposisie meer populêr is as haar pa. Logies natuurlik, want wat sou jy kies: worsbroodjies of geel kaarte? En ons praat nou nie oor jou nie, Arjan!

Nicky Trollip is ‘n wyse man. Omdat hy so wys is, weet hy wanneer om nie te praat nie. Maar in sy kop weet hy exactly wat gaan aan. Op die sokkerveld ook, soos so vele van sy ouderdomsgroep en sy gesin. Hy ry nogals goed fiets, maar hy praat nie daaroor nie, want hy wil nie brag nie. En hy is só goed, as hy enigsins oor sy fietsry wil praat kan dit niks anders as brag word nie.

Indien ek enigiemand vergeet het, is hulle welkom om my aan te spreek of ‘n gesertifiseerde brief aan my te pos met u klag. Ek sal dit regstel. Ek is ook menslik, al skryf ek dan dierlike artikels. Moet veral nie huil nie. Die mees extreme wat jy kan doen is om die koffiedrinkbaas na my te stuur sodat sy my ippon.

Geniet u Sondag met rustige Martin Mans of Bergentheims Mannenkoor musiek, koffie en appeltert na kerk, teveel eet en dan slaap. Moenie vergeet om die preek in diepte met jou gesin te bespreek nie.

Sepela gabotse
Voetspoor.

JV Sola Fide – Ontmoet 4 Johannesburg Lidmate

1. *Name?* **Michelle Meeske**
2. *School/Study/Work?* UJ - studying education to become an educational psychologist.
3. *What 3 things would you do if you became president?*
    a. Improve public transport
    b. Limit immigrants
    c. Instill Christian education
4. *Where do you see yourself in 5 years?* Engaged (maybe), working in a school & enjoying it.
5. *Favorite book OR music OR movie?* Book: The Alchemist
6. *The last thing you did for the first time?* Missed my first lecture at varsity.
7. *If you could be anything, what, and why?* Monkey – the freedom to climb trees the whole day.
8. *Toothbrush color?* Green & White.
9. *Three best qualities?* Friendly, outgoing and a good sense of humor.
10. *Most embarrassing moment?* Too little money at a restaurant.

1. *Name?* **Marco Hamming**
2. *School/Study/Work?* Gaan studeer.
3. *What 3 things would you do if you became president?*
    a. Die hoë studiebeurse vir nie-blankes stop.
    b. Blankes en swartes op ‘n gelyke vlak laat wees.
    c. Christelike instansies bevorder.
4. *Where do you see yourself in 5 years?* ‘n Belydende lidmaat en hopelik klaar gestudeer.
5. *Favorite book OR music OR movie?* “‘n Brug te ver”.
6. *The last thing you did for the first time?* ‘n elaaide wapen op iemand rig *(die crossbow)*!
7. *If you could be anything, what, and why?* ’n Piloot. Ek hou baie van vliegtuie.
8. *Toothbrush color?* Blou.
9. *Three best qualities?* Vriendelik, Karwas, Fietsry.
10. *Most embarrassing moment?* Toe ek van my fiets afgeval het.

1. *Name?* **Marcia Anholts**
2. *School/Study/Work?* 2de jaar verpleging by UJ. Ek werk in ‘n staatshospitaal – Helen Joseph.
3. *What 3 things would you do if you became president?*
   a. Die DOODSTRAF terugbring; dit ‘n vereiste vir Metropolisiedienste maak om tenminste matriek te hê.
   b. Gesondheidsdienste verbeter.
   c. Mense meer bewus maak van Christendom.
4. *Where do you see yourself in 5 years?* Gekwalifiseerde trauma suster, miskien verloof (selfs getroud ☺). Wil ook dan al tot in Cairo op ’n motorfiets gery het, bungee jumping, paragliding, ens!!!
5. *Favorite book OR music OR movie?* Books: Wilbur Smith; Jeffrey Deaver; Francine Rivers; CS Lewis; Lesley Pearce; Doc Immelman.
6. *The last thing you did for the first time?* Om met Alzheimers te werk – not for me.
7. *If you could be anything, what, and why?* Someone with lots of money and lots of time – TRAVEL THE WORLD!!!
8. *Toothbrush color?* Blou & wit.
9. *Three best qualities?* Sense of humor, straightforward and down-to-earth.
10. *Most embarrassing moment?* Op my agterent val op die verhoog – voor almal!

1. *Name?* **Jaco Bijker**
2. *School/Study/Work?* BSc (IT)
3. *What 3 things would you do if you became president?*
   Eat, drink, and drink more.
4. *Where do you see yourself in 5 years?* In front of a mirror.
5. *Favorite book OR music OR movie?*
   Movie: Equilibrium
6. *The last thing you did for the first time?*
   Geslaap – maar ek dink ek gaan weer begin.
7. *If you could be anything, what, and why*? A crossbow – they rule.
8. *Toothbrush color?* The first toothbrush I can find.
9. *Three best qualities?* Eating, sleeping and eating.
10. *Most embarrassing moment?* Eating.

Verjaarsdae

MAART 2007

Bethal

Albert Coetzee	16-Mar

Johannesburg

Peter Hamming	12-Mar
Pauline Seijdlitz	27-Mar

Kaapstad

Sjirk Geerts	5-Mar
Maarten Riamond	21-Mar
Annelie vd Hout	23-Mar
Albert vd Linden	25-Mar

Maranata

Leoni Smit	7-Mar
Gerrit Bouwmeester	12-Mar
Guido vd Bout	23-Mar
Gerda Aartsma	24-Mar

Pretoria

Ineke Roose	2-Mar
Marjanie Roose	2-Mar
Jeanine Hordijk	8-Mar
Elsje van der Poel	9-Mar
Jan Lubbinge	13-Mar
Natasha Danielz	25-Mar
Pieter Bron	25-Mar